

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

OFFICIAL GAZETTE



OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG

PUBLISHED BY AUTHORITY

10c Dinsdag 3 Januarie 1978 WINDHOEK Tuesday 3 January 1978 No. 3684

INHOUD:

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS:

- No. 1 Bekendmaking van 'n Aansoek om die Sluiting van 'n Gedeelte van 'n Plaaspad: Distrik Omaruru
- No. 2 Bekendmaking van 'n Aansoek dat 'n Gedeelte van 'n Distrikspad Verlê word: Distrik Mariental
- No. 3 Terugtrekking van Verklaring van Gebied tot 'n Private Wildtuin: Yakandonga
- No. 4 Munisipaliteit van Luderitz: Wysiging van Elektrisiteitsleweringregulasies
- No. 5 Munisipaliteit van Windhoek: Wysiging van Waterleweringregulasies
- No. 6 Dorpsbestuur van Warmbad: Wysiging van Regulasies op Waterlewering
- No. 7 Dorpsbestuur van Stampriet: Ordonnansie Insaake Heffings en Bydraes vir Inboorlingbehuising 1961
- No. 8 Natuurbewaring: Aanstelling van Ere-Natuurbewaarders
- No. R.2528/77 (Republiek) Departement van Spoorweë, Hawens en Lugdiens: Regulasies vir die Hawens van die Republiek van Suid-Afrika en van Suidwes-Afrika
- No. R.2567/77 (Republiek) Departement van Nasionale Opvoeding: Verklaring van 'n Nasionale Gedenkwaardigheid
- No. R.2613/77 (Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Inwerkingtreding van Wysigings van die "Explanatory Notes to the Nomenclature" Uitgereik deur die Doeanesamewerkingsraad
- No. R.2619/77 (Republiek) Departement van Vervoer: Korreksiekennisgewing
- No. R.2620/77 (Republiek) Departement van Vervoer: 1964: Verbeteringskennisgewing

CONTENTS:

GOVERNMENT NOTICES:

- No. 1 Notification of an Application that a Portion of a Farm Road be Closed: District of Omaruru 2
- No. 2 Notification of an Application that a Portion of a District Road be Deviated: District of Mariental 3
- No. 3 Withdrawal of Notice to have Area declared a Private Game Park: Yakandonga 3
- No. 4 Municipality of Luderitz: Amendment of Electricity Supply Regulations 4
- No. 5 Municipality of Windhoek: Amendment of Water Supply Regulations..... 4
- No. 6 Village Management Board of Warmbad: Amendment of Water Supply Regulations..... 5
- No. 7 Village Management Board of Stampriet: Native Housing Levy and Contributions Ordinance, 1961 6
- No. 8 Nature Conservation: Appointment of Honorary Nature Conservators..... 6
- No. R.2528/77 (Republic) Department of Railways, Harbours and Airways: Regulations for the Harbours of the Republic of South Africa and of South West Africa..... 8
- No. R.2567/77 (Republic) Department of National Education: Declaration of a National Monument..... 15
- No. R.2613/77 (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Commencement of Amendments to the "Explanatory Notes to the Nomenclature" Issued by the Customs Co-Operation Council..... 16
- No. R.2619/77 (Republic) Department of Transport: Correction Notice 16
- No. R.2620/77 (Republic) Department of Transport: Correction Notice 17

ALGEMENE KENNISGEWINGS:

No. 920/77 (Republiek) Bouverenigingsopgawes —
Oktober 1977

Advertensies:

GENERAL NOTICES:

No. 920/77 (Republic) Building Societies Returns —
October 1977 17

Advertisements: 18

Goewermentskennisgewings

Government Notices

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

H. P. F. GOUS,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Administrasie van Suidwes-Afrika,
Windhoek.

No. 1] [3 Januarie 1978

**BEKENDMAKING VAN 'N AANSOEK OM DIE
SLUITING VAN 'N GEDEELTE VAN PLAASPAD
2340: DISTRIK OMARURU**

Kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 16(3) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) soos gewysig, word hierby bekend gemaak dat aansoek gedoen is om die sluiting van 'n gedeelte van plaaspad 2340 soos in die bylae hieronder beskryf.

'n Skets (nommer P965) van die betrokke streek waarop die pad waarop die aansoek betrekking het en ander geproklameerde paaie in daardie streek aange-
toon word, is gedurende gewone kantoorure by die kantore van die Direkteur van Paaie, Windhoek, en die Paaiesuperintendent, Omaruru, ter insae beskikbaar.

Iedereen wat enige beswaar het teen bogemelde aansoek word hiermee aangesê om sy beswaar, met die gronde waarop dit gebaseer is duidelik en in besonderhede daarin uiteengesit, skriftelik binne 'n tydperk van dertig dae vanaf 3 Januarie 1978 by die Voorsitter van Padrade, Privaatsak 13186, Windhoek 9100 in te dien.

BYLAE

Beskrywing van Pad:

Die pad beskryf as plaaspad 2340 in Bylae II van Goewermentskennisgewing 259 van 1976.

Gedeelte wat gesluit moet word:

Van 'n punt (A op skets P965) op plaaspad 2340 op die gemeenskaplike grens van die plase Ongariwanda Süd 28 en Ongariwanda 31 oor die plaas Ongariwanda 31 tot op 'n punt (B op skets P965) op plaaspad 2340 op die gemeenskaplike grens van die plase Ongariwanda 31 en Okamborombonga 30.

The following Government Notices are published for general information.

H. P. F. GOUS,
Secretary for South West Africa.

Administration of South West Africa,
Windhoek.

No. 1] [3 January 1978

**NOTIFICATION OF AN APPLICATION THAT A
PORTION OF FARM ROAD 2340 BE CLOSED:
DISTRICT OF OMARURU**

Under and by virtue of the provisions of section 16(3) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) as amended, it is hereby made known that application has been made that a portion of farm road 2340 as described in the schedule hereto be closed.

A sketch (number P965) of the area concerned and on which the road to which the application refers, and other proclaimed roads in that area are shown is lying open to inspection during normal office hours at the offices of the Director of Roads, Windhoek, and the Roads Superintendent, Omaruru.

Every person having any objection to the above application is hereby commanded to lodge his objection in writing, with the grounds upon which it is based clearly and specifically therein stated, with the Chairman of Roads Boards, Private Bag 13186, Windhoek 9100, within thirty days of 3 January 1978.

SCHEDULE

Description of Road:

The road described as farm road 2340 in Schedule II of Government Notice 259 of 1976.

Portion to be closed:

From a point (A on sketch P965) on farm road 2340 on the common boundary of the farms Ongariwanda Süd 28 and Ongariwanda 31 across the farm Ongariwanda 31 to a point (B on sketch P965) on farm road 2340 on the common boundary of the farms Ongariwanda 31 and Okamborombonga 30.

No. 2]

[3 Januarie 1978

BEKENDMAKING VAN 'N AANSOEK DAT 'N GEDEELTE VAN DISTRIKSPAD 1230 VERLÊ WORD: DISTRIK MARIENTAL

Kragtens en ingevolge die bepalings van Artikel 16(3) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) soos gewysig, word hierby bekend gemaak dat aansoek gedoen is dat 'n gedeelte van distrikspad 1230 — E-F-G op skets P966 — verlê word om roete E-J-G op skets P966 te volg soos in die bylae hieronder beskryf.

'n Skets (nommer P966) van die betrokke streek waarop die pad waarop die aansoek betrekking het en ander geproklameerde paaie in daardie streek aange- toon word, is gedurende gewone kantoorure by die kan- tore van die Direkteur van Paaie, Windhoek, en die Paaiesuperintendent, Mariental, ter insae beskikbaar.

Iedereen wat enige beswaar het teen bogemelde aan- soek word hiermee aangesê om sy beswaar, met die gronde waarop dit gebaseer is duidelik en in besonder- hede daarin uiteengesit, skriftelik binne 'n tydperk van dertig dae vanaf 3 Januarie 1978 by die Voorsitter van Padrade, Privaatsak 13186, Windhoek 9100, in te dien.

BYLAE

Beskrywing van Pad:

Die pad beskryf as distrikspad 1230 in Bylae III van Proklamasie 46 van 1954 en in Bylae III van Pro- klamasie 76 van 1966.

Roete waarlangs pad verlê moet word:

Van 'n punt (E op skets P966) op distrikspad 1230 op die plaas Lekkerwater 145 algemeen ooswaarts langs of naby die noordelike grens van en oor genoemde plaas tot op 'n punt (J op skets P966) op die gemeenskaplike grens van die plase Lekkerwater 145 en Itaga 198; van daar algemeen noordooswaarts oor die plaas Itaga 198 tot op 'n punt (G op skets P966) op distrikspad 1230 op die gemeenskaplike grens van genoemde plaas en die plaas Munyu 196.

No. 3]

[3 Januarie 1978

TERUGTREKKING VAN VERKLARING VAN GEBIED TOT 'N PRIVATE WILDTUIN: YAKANDONGA

Die Uitvoerende Komitee het, kragtens en ingevolge die bepalings van Artikel 22 van die Ordonnansie op Natuurbewaring, 1975 (Ordonnansie 4 van 1975) Pro- klamasie 12 van 1975 wat die volgende gebied tot 'n private wildtuin verklaar, herroep:

No. 2]

[3 January 1978

NOTIFICATION OF AN APPLICATION THAT A PORTION OF DISTRICT ROAD 1230 BE DE- VIATED: DISTRICT OF MARIENTAL

Under and by virtue of the provisions of section 16(3) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) as amended, it is hereby made known that application has been made that a portion of district road 1230 — E- F-G on sketch P966 — be deviated to follow a course — E-J-G on sketch P966 — as described in the schedule hereto.

A sketch (number P966) of the area concerned and on which the roads to which the application refers and other proclaimed roads in that area are shown, is ly- ing open to inspection during normal office hours at the offices of the Director of Roads, Windhoek, and the Roads Superintendent, Mariental.

Every person having any objection to the above application is hereby commanded to lodge his ob- jection in writing with the grounds upon which it is bas- ed clearly and specifically therein stated, with the Chairman of Roads Boards, Private Bag 13186, Windhoek 9100, within thirty days of 3 January 1978.

SCHEDULE

Description of Road:

The road described as district road 1230 in Sche- dule III of Proclamation 46 of 1954 and in Schedule III of Proclamation 76 of 1966.

Course to which Road should be deviated:

From a point (E on sketch P966) on district road 1230 on the farm Lekkerwater 145 generally eastwards along or near the northern boundary of and across the said farm to a point (J on sketch P966) on the common boundary of the farms Lekkerwater 145 and Itaga 198; thence generally north-eastwards across the farm Itaga 198 to a point (G on sketch P966) on district road 1230 on the common boundary of the said farm and the farm Munyu 196.

No. 3]

[3 January 1978

WITHDRAWAL OF NOTICE TO HAVE AREA DECLARED A PRIVATE GAME PARK: YAKANDONGA

The Executive Committee has, under and by virtue of the provisions of Section 22 of the Nature Conserva- tion Ordinance, 1975 (Ordinance 4 of 1975) repealed Proclamation 12 of 1975 which declares the following area a private game park:

Die plaas Yakandonga 42, geleë in die distrik Otjiwarongo, groot 5 044 ha, eiendom van mnr. G. F. Visagie.

The Farm Yakandonga 42, situated in the district of Otjiwarongo, extent 5 044 ha, property of Mr. G. F. Visagie.

No. 4]

[3 Januarie 1978

**MUNISIPALITEIT VAN LUDERITZ
WYSIGING VAN ELEKTRISITEITSLEWERINGS-
REGULASIES**

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 243 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die onderstaande wysiging goedgekeur van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 109 van 1957 soos gewysig en van toepassing gemaak op die Munisipaliteit van Luderitz by Goewermentskennisgewing 151 van 1957, soos gewysig by Goewermentskennisgewing 228 en 333 van 1957, 60 en 210 van 1959, 27 en 144 van 1960, 46 en 205 van 1961, 126 en 145 van 1970, 162 van 1973, 152 van 1974, 122, 153 en 211 van 1975, 287 van 1976 en 255 van 1977.

Wysig Byvoegsel D soos volg:

1. Vervang R1,50 deur R5,00 in die eerste paragraaf van regulasie 3(c)
2. Vervang R2,00 deur R5,00 in regulasie 3(c)(i)
3. Vervang R1,00 deur R2,00 in regulasie 5(f)(i)(c)
4. Vervang R2,00 deur R5,00 in regulasie 5(f)(i)(e)
5. Vervang R1,00 deur R2,00 in regulasie 5(f)(ii)
6. Vervang R2,00 deur R5,00 in regulasie 5(f)(iii)(a)
7. Vervang R2,00 deur R5,00 in regulasie 5(f)(iii)(b)
8. Vervang die woorde "reg te maak" deur die woorde "op te spoor" in regulasie 5(f)(iv)
9. Vervang R1,75 deur R3,00 in regulasie 5(f)(iv)(a)
10. Vervang R2,00 deur R5,00 in regulasie 5(f)(iv)(b).

No. 5]

[3 Januarie 1978

**MUNISIPALITEIT VAN WINDHOEK
WYSIGING VAN WATERLEWERINGS-
REGULASIES**

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 243(3) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die volgende wysiging goedgekeur van die Waterleweringsregulasies van die Munisipaliteit van Windhoek afgekondig by Goewermentskennisgewing 138 van 1973, soos gewysig by Goewermentskennisgewings 84 van 1974, 119 van 1975, 19 en 189 van 1976 en 119 en 184 van 1977:

1. Vervang die bestaande paragraaf 4 "WATERAANSLUITINGS" van aanhangsel A "WATERLEWERINGSTARIEF" deur die volgende paragraaf:

No. 4]

[3 January 1978

**MUNICIPALITY OF LUDERITZ
AMENDMENT OF ELECTRICITY SUPPLY
REGULATIONS**

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 243 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) approved the following amendment of the regulations promulgated under Government Notice 109 of 1957 as amended and applied to the Municipality of Luderitz by Government Notice 151 of 1957, as amended by Government Notices 228 and 333 of 1957, 60 and 210 of 1959, 27 and 144 of 1960, 46 and 205 of 1961, 126 and 145 of 1970, 162 of 1973, 152 of 1974, 122, 153 and 211 of 1975, 287 of 1976 and 255 of 1977.

Amend Appendix D as follows:

1. Substitute R5,00 for R1,50 in the first paragraph of Regulation 3(c)
2. Substitute R5,00 for R2,00 in regulation 3(c)(i)
3. Substitute R2,00 for R1,00 in regulation 5(f)(i)(c)
4. Substitute R5,00 for R2,00 in regulation 5(f)(i)(a)(e)
5. Substitute R2,00 for R1,00 in regulation 5(f)(ii)
6. Substitute R5,00 for R2,00 in regulation 5(f)(iii)(a)
7. Substitute R5,00 for R2,00 in regulation 5(f)(iii)(b)
8. Substitute the word "locate" for the word "rectify" in regulation 5(f)(iv)
9. Substitute R3,00 for R1,75 in regulation 5(f)(iv)(a)
10. Substitute R5,00 for R2,00 in regulation 5(f)(iv)(b)

No. 5]

[3 January 1978

**MUNICIPALITY OF WINDHOEK
AMENDMENT OF WATER SUPPLY
REGULATIONS**

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 243(3) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) approved the following amendment of the Water Supply Regulations of the Municipality of Windhoek, published under Government Notice 138 of 1973, as amended by Government Notices 84 of 1974, 119 of 1975, 19 and 189 of 1976 and 119 and 184 of 1977:

1. Substitute the following for the existing paragraph 4 "WATER CONNECTIONS" of Annexure A "WATER SUPPLY TARIFF":

“4. WATERAANSLUITINGS

Vir die verskaffing, aanlegging en instandhouding van 'n verbindingspyp tesame met die koste om die verbruiker se diens met die verbindingspyp te verbind:

- (i) Vir 'n aansluiting van 15 mm tot en met 20 mm . . . Werklike koste + 15% onderhewig aan 'n minimum van R100,00.
- (ii) Vir 'n aansluiting van 25 mm . . . Werklike koste + 15% onderhewig aan 'n minimum van R110,00.
- (iii) Vir 'n aansluiting van 40 mm . . . Werklike koste + 15% onderhewig aan 'n minimum van R120,00.
- (iv) Vir 'n aansluiting van 50 mm . . . Werklike koste + 15% onderhewig aan 'n minimum van R130,00.
- (v) Vir enige aansluiting groter as 50 mm . . . Werklike koste + 15% onderhewig aan 'n minimum van R150,00.

2. Vervang die bestaande paragraaf 6 “AAN- EN AFSLUITINGS” van aanhangesel A “WATERLEWERINGSTARIEF” deur die volgende paragraaf:

“6. AAN- EN AFSLUITINGS

Die volgende gelde is vooruitbetaalbaar:

- (i) Vir 'n aansluiting ingevolge paragraaf 4 van hierdie aanhangesel . . . die minimum bedrag voorsien in paragraaf 4 ten opsigte van die grootte aansluiting gevra, behalwe waar die Raad anders bepaal.
- (ii) Vir heraansluiting na 'n afsluiting vir oortreding van die regulasies . . . R4,00.

“4. WATER CONNECTIONS

For the supply, laying down and maintenance of a connection pipe together with the cost of connecting the consumer's service to the connection pipe:

- (i) For a connection of 15 mm up to and including 20 mm . . . Actual cost + 15% subject to a minimum of R100,00.
- (ii) For a connection of 25 mm . . . Actual cost + 15% subject to a minimum of R110,00.
- (iii) For a connection of 40 mm . . . Actual cost + 15% subject to a minimum of R120,00.
- (iv) For a connection of 50 mm . . . Actual cost + 15% subject to a minimum of R130,00.
- (v) For any connection exceeding 50 mm . . . Actual cost + 15% subject to a minimum of R150,00.”

2. Substitute the following for paragraph 6 “CONNECTIONS AND DISCONNECTIONS” of Annexure A “WATER SUPPLY TARIFF”:

“6. CONNECTIONS AND DISCONNECTIONS

The following fees are payable in advance:

- (i) For a connection in terms of paragraph 4 of this Annexure . . . The minimum fee provided for in paragraph 4 in respect of the size of the connection applied for except where otherwise determined by the Council.
- (ii) For a re-connection after a disconnection for contravening the regulations . . . R4,00.”

No. 6]

[3 Januarie 1978

**DORPSBESTUUR VAN WARMBAD
WYSIGING VAN REGULASIES OP
WATERLEWERING**

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 14 van die Ordonnansie op Dorpsbesture 1963 (Ordonnansie 14 van 1963) die volgende wysiging goedgekeur van die regulasies van toepassing gemaak op die Dorpsbestuur van Warmbad by Goewermentskennisgewing 136 van 1969, soos gewysig by Goewermentskennisgewing 6 van 1976:

No. 6]

[3 January 1978

**VILLAGE MANAGEMENT BOARD OF
WARMBAD
AMENDMENT OF WATER SUPPLY
REGULATIONS**

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 14 of the Village Management Boards Ordinance, 1963 (Ordinance 14 of 1963) approved the following amendment of the regulations applied to the Village Management Board of Warmbad by Government Notice 136 of 1969, as amended by Government Notice 6 of 1976:

Vervang tarief 1 van Bylaag B deur die volgende:

- "1. Maandeliks, vir die eerste vyf kiloliters water of deel daarvan gelewer, R1,00, en vir elke kiloliter water meer as vyf gelewer, R0,22."

No. 7]

[3 Januarie 1978

**DORPSBESTUUR VAN STAMPRIET
ORDONNANSIE INSAKE HEFFINGS EN BY-
DRAES VIR INBOORLINGBEHUISING 1961
(ORDONNANSIE 33 VAN 1961)**

Die Uitvoerende Komitee het -

- (i) kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 2(3) van die Ordonnansie insake Heffings en Bydraes vir Inboorlingbehuising 1961 (Ordonnansie 33 van 1961) (hierna die Ordonnansie genoem) Goewermentskennisgewing 58 van 1967, soos gewysig, verder gewysig deur alle verwysing na die woord "Stampriet" daarin te skrap;
- (ii) kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 2(1) van die Ordonnansie, die dorpsbestuursgebied van Stampriet (hierna die verklaarde behuisingsgebied genoem) tot 'n gebied verklaar ten opsigte waarvan die bepalings van die Ordonnansie van toepassing is: Met dien verstande dat ingevolge die bepalings van artikel 2(2) van die Ordonnansie, alle Kleurlinge wat na 1 Januarie 1978 in enige lokasie of inboorlingdorp in die verklaarde behuisingsgebied woonagtig is, gedurende sodanige tydperk van verblyf as Inboorlinge beskou word by die toepassing van die Ordonnansie; en
- (iii) kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 3(1)(b) van die Ordonnansie bepaal dat met ingang van 1 Januarie 1978 'n maandelikse bydrae van vyf rand (R5,00) deur elke werkgewer ten opsigte van elke volwasse manlike inboorlingwerknemer in sy diens binne die verklaarde behuisingsgebied betaal moet word: Met dien verstande dat huisvesting in enige kampong of inboorlingtehuis binne die verklaarde behuisingsgebied as goedgekeurde huisvesting ingevolge artikel 3(3)(b) van die Ordonnansie beskou word.

No. 8]

[3 Januarie 1978

**AANSTELLING VAN ERE-NATUURBE-
WAARDERS**

Kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 79(2)(a) van die Ordonnansie op Natuurbewaring, 1975 (Ordonnansie 4 van 1975) word die volgende persone as ere-natuurbevaarders vir die Gebied Suidwes-Afrika aangestel:

Substitute the following for tariff 1 of Schedule B:-

- "1. Monthly, for the first five kilolitres or part thereof of water supplied R1,00 and for every kilolitre of water exceeding five supplied, R0,22."

No. 7]

[3 January 1978

**VILLAGE MANAGEMENT BOARD OF STAMP-
RIET NATIVE HOUSING LEVY AND CONTRI-
BUTIONS ORDINANCE, 1961 (ORDINANCE 33
OF 1961)**

The Executive Committee has -

- (i) under and by virtue of the provisions of section 2(3) of the Native Housing Levy and Contributions Ordinance, 1961 (Ordinance 33 of 1961) (hereinafter referred to as the Ordinance) further amended Government Notice 58 of 1967, as amended, by deleting all references to the word "Stampriet" therein;
- (ii) under and by virtue of the provisions of section 2(1) of the Ordinance declared the Village Management Board area of Stampriet (hereinafter referred to as the declared housing area) to be an area in respect of which the provisions of the Ordinance shall apply: Provided that in terms of section 2(2) of the Ordinance all Coloureds who reside in any location or Native village in the declared housing area after 1 January 1978, shall, during such period of residence, be considered Natives for the purposes of the Ordinance; and
- (iii) under and by virtue of the provisions of section 3(1)(b) of the Ordinance determined that with effect from 1 January 1978 a monthly contribution of five rand (R5,00) shall be paid by every employer in respect of every adult male Native employee in his service within the declared housing area: Provided that accommodation in any compound or Native hostel within the declared housing area shall be deemed to be approved accommodation in terms of section 3(3) (b) of the Ordinance.

No. 8]

[3 January 1978

**APPOINTMENT OF HONORARY NATURE
CONSERVATORS**

Under and by virtue of the provisions of section 79(2)(a) of the Nature Conservation Ordinance, 1975 (Ordinance 4 of 1975), the following persons are appointed as honorary nature conservators for the Territory of South West Africa:

| | | | |
|----------------------|--------------------------------|----------------------|---------------------------------|
| Menere | C. J. D. de Klerk | Messrs | C. J. D. de Klerk |
| A. J. de Lange | H. zur Strassen | A. J. de Lange | H. zur Strassen |
| I. A. H. du Plooy | A. Kolver | I. A. H. du Plooy | A. Kolver |
| L. Crous | H. Kriess | L. Crous | H. Kriess |
| R. I. D. M. Myburgh | H. Bachran | R. I. D. M. Myburgh | H. Bachran |
| M. M. Louw | M. J. Smit | M. M. Louw | M. J. Smit |
| C. H. B. Oberhoizer | D. L. Brand | C. H. B. Oberholzer | D. L. Brand |
| K. F. Holz | G. Doll | K. F. Holz | G. Doll |
| H. G. Luchtenstein | H. A. Böttger | H. G. Luchtenstein | H. A. Böttger |
| M. C. Stander | N. P. Lochner | M. C. Stander | N. P. Lochner |
| H. Uys | C. A. Schlettwein | H. Uys | C. A. Schlettwein |
| H. G. Engelhard | H. H. Erpf | H. G. Engelhard | H. H. Erpf |
| A. D. Buerger | K. W. A. Diemer | A. D. Buerger | K. W. A. Diemer |
| P. A. Smit | L. P. J. Fourie | P. A. Smit | L. P. J. Fourie |
| G. J. Vermeulen | H. K. F. Kolberg | G. J. Vermeulen | H. K. F. Kolberg |
| P. J. J. Engelbrecht | D. A. Wepener | P. J. J. Engelbrecht | D. A. Wepener |
| M. Etzold | H. von Schwind | M. Etzold | H. von Schwind |
| C. Bennette | P. Sohrada | C. Bennette | P. Sohrada |
| D. O'N. Mathews | K. F. P. von Wietersheim | D. O'N. Mathews | K. F. P. von Wietersheim |
| D. C. Byrne | W. M. van Niekerk | D. C. Byrne | W. M. van Niekerk |
| H. L. Weyers | H. F. du Plessis | H. L. Weyers | H. F. du Plessis |
| A. von Teichmann | K. O. von Klitzing | A. von Teichmann | K. O. von Klitzing |
| D. L. Redecker | F. K. Krenz | D. L. Redecker | F. K. Krenz |
| H. D. Wurm | J. H. Hansen Nootbaar | H. D. Wurm | J. H. Hansen Nootbaar |
| G. B. Albertyn | S. F. Coetzee | G. B. Albertyn | S. F. Coetzee |
| J. Weidmann | en | J. Weidmann | and |
| N. Magura | Dr. P. P. Coulson | N. Magura | Dr. P. P. Coulson |
| J. H. Sachse | Dr. E. Stromsoe | J. H. Sachse | Dr. E. Stromsoe |
| O. Voigts | Dr. S. S. Grové | O. Voigts | Dr. S. S. Grové |
| A. Teubner | H. Graf zu Castell-Rüdenhausen | A. Teubner | Count H. zu Castell-Rüdenhausen |

No. R. 2528 (Republiek)]

[9 Desember 1977

DEPARTEMENT VAN SPOORWEË, HAWENS EN LUGDIENS

REGULASIES VIR DIE HAWENS VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN VAN SUIDWES-AFRIKA

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens artikel 3 van die Konsolidasiewet op die Beheer en Bestuur van Spoorweë en Hawens, 1957 (Wet 70 van 1957), goedkeuring te verleen aan die volgende wysigings van die Regulasies vir die Hawens van die Republiek van Suid-Afrika en van Suidwes-Afrika, afgekondig by Goewermentskennisgewing R.290 van 2 Maart 1962:

REGULASIE 1

Voeg by:

“ISO-houer” ’n houer soos deur die Internasionale Standaardorganisasie (ISO) gespesifiseer;

“houerkaaikraan” ’n kraan daargestel uitsluitlik vir die hantering van ISO-houers;

“spreiraam” ’n toestel wat aan ’n ISO-houer geheg word sodat dit deur ’n houerkaaikraan gehys kan word.

REGULASIE 2

Deur die vervanging van hierdie regulasie deur:

2. Die eienaar, kaptein of agent van ’n skip wat van voornemens is om ’n hawe aan te doen, moet nie later nie as twee-en-sewentig uur (Sondae en openbare vakansiedae uitgesonder) voor die aankoms van die skip die hawekaptein en hawebestuurder by sodanige hawe skriftelik in kennis stel van die verwagte datum en tyd van aankoms van die skip en moet in die kennisgewing besonderhede verstrek van -

- (1) die vaartuig se diepgang (voor en agter);
- (2) ontplofbare stowwe, vlambare vloeistowwe en alle ander gevaarlike vrag aan boord;
- (3) die soort en hoeveelheid vrag wat gelaai, gelos of oorgelaai moet word;
- (4) bunker of ander benodigdhede; en
- (5) ander sake van belang.

No. R. 2528 (Republic)]

[9 December 1977

DEPARTMENT OF RAILWAYS, HARBOURS AND AIRWAYS

REGULATIONS FOR THE HARBOURS OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA AND OF SOUTH WEST AFRICA

The State President has been pleased in terms of section 3 of the Railways and Harbours Control and Management (Consolidation) Act, 1957 (Act 70 of 1957), to approve of the following amendments to the Regulations for the Harbours of the Republic of South Africa and of South West Africa published under Government Notice R.290 of 2 March 1962 :-

REGULATION 1

Add the following :-

“ISOcontainer” shall mean a container specified by the International Organization for Standardization (ISO);

“container wharf crane” shall mean a crane provided exclusively for handling ISO-containers;

“spreader” shall mean the lifting device required to be attached to an ISO-container preparatory to be hoisted by means of the container wharf crane.

REGULATION 2

By the substitution for this regulation of the following:-

2. The owner, master or agent of a ship that intends to call at a harbour shall, not later than seventy-two hours (excluding Sundays and public holidays) before the arrival of the ship give notice in writing to the port captain and the port manager at such harbour of the expected date and time of arrival of the ship, and shall give particulars in such notice of -

- (1) the vessel's draught (fore and aft);
- (2) explosives, flammable liquids and all other dangerous cargo on board;
- (3) the nature and quantity of cargo to be loaded, discharged or transhipped;
- (4) bunker or other requirements; and
- (5) other matters of importance.

REGULASIE 6

Deur die vervanging van die opskrif deur:

KAPTEIN MOET SKEEPSDOKUMENTE TOON EN BEDSONDERHEDE VAN SKIP VERSTREK.

Deur die vervanging van hierdie regulasie deur:

6. Die kaptein van elke skip wat 'n hawe binnevaar moet kragtens artikel 44 van die Wet, op aanvraag, die skeepsregister en skeepsdokumente aan die hawekaptein of 'n ander gemagtigde verteenwoordiger ter insae voorlê. Daarbenewens moet die kaptein sy skip se diepgang (voor en agter) op die voorgeskrewe vorm invul asook enige verdere besonderhede van sy skip en die vrag verstrek soos die hawekaptein dit mag vereis.

REGULASIE 10

SUBREGULASIE (1)

Deur die vervanging van hierdie subregulasie deur:

- (1) die eienaar, kaptein of agent van 'n skip met ont-plofbare stowwe, vlambare vloeistowwe of ander gevaarlike goedere aan boord, moet minstens twee-en-sewentig uur (Sondae en openbare vakansiedae uitgesonder) voor die aankoms van die skip die hawekaptein en die hawebestuurder of hulle gemagtigde verteenwoordigers skriftelik daarvan in kennis stel en volle besonderhede verstrek van sodanige gevaarlike goedere, asook die klas soos dit onder enige van die kategorieë vermeld in die volgende publikasies, resorteer:

- (a) "The Carriage of Dangerous Goods in Ships" algemeen bekend as die "Blou Boek"; of
- (b) "The International Maritime Dangerous Goods Code" (uitgegee deur "The Inter-governmental Maritime Consultative Organization" (IMCO)).

SUBREGULASIE (2)

Deur hierdie paragraaf (2)(a) te nommer en die volgende nuwe paragraaf in te voeg:

- (b) Ondanks die bepalings vervat in paragraaf (a) hiervan, kan sekere uitgesoekte gevaarlike goedere in spesiale gevalle, onderworpe aan die vooraf goedkeuring van die hawekaptein en enige voorwaardes wat hy in sy uitsluitlike diskresie mag stel, by spesiale afgebakende terreine in die hawe, op risiko en koste van die eienaar of kaptein van die skip, opgeslaan word voordat lossings-, aflewering- en afsendingsorders daarvoor deur die Administrasie aanvaar is.

REGULATION 6

By the substitution for the caption of the following:-

MASTER TO PRODUCE SHIP'S PAPERS AND DECLARE PARTICULARS OF SHIP

By the substitution for this regulation of the following:-

6. The master of every ship arriving in a harbour shall, upon demand and in compliance with section 44 of the Act produce and show the ship's register and ship's papers to the port captain or other authorised officer for inspection. In addition the master shall declare in the prescribed form his ship's draught (fore and aft) and furnish such further particulars in regard to his ship and its cargo as may be required by the port captain.

REGULATION 10

SUBREGULATION(1)

By the substitution for this subregulation of the following:-

- (1) The owner, master or agent of a ship having on board explosives, flammable liquids or other dangerous goods, shall at least seventy-two hours (excluding Sundays and public holidays) before arrival of the ship give notice thereof in writing to the port captain and to the port manager or their authorised representatives and give full particulars and the class of such dangerous goods that fall within any of the categories listed in the following publications:-

- (a) The Carriage of Dangerous Goods in Ships (commonly known as the "Blue Book"); or
- (b) The International Maritime Dangerous Goods Code (Published by The Inter-governmental Maritime Consultative Organization (IMCO)).

SUBREGULATION (2)

By renumbering this paragraph (2)(a) and inserting the following new paragraph:-

- (b) Notwithstanding the provisions of paragraph (a) above, certain selected dangerous goods may, in special circumstances, subject to prior approval by the port captain and to such conditions as he may prescribe in his sole discretion, be discharged and stored at specially demarcated areas in the harbour at the risk and expense of the owner or master of the ship before landing, delivery and forwarding orders in respect thereof have been accepted by the Administration.

REGULASIE 26

Deur die vervanging van hierdie regulasie deur:

26(1)(a) Die eienaar of agent van 'n skip moet minstens twee-en-sewentig uur (Sondae en openbare vakansiedae uitgesonder) voor aankoms van die skip in die hawe aan die hawebestuurder of 'n ander gemagtigde amptenaar in sy kantoor 'n ware afskrif (in duplo) van die manifes of verslag van inkomende skeepsvrag oorhandig. (Vir skepe met ISO-houers aan boord kyk subregulasie (3)).

(b) Binne twee-en-sewentig uur (Sondae en openbare vakansiedae uitgesonder) na vertrek van die skip moet die eienaar of agent 'n manifes van die vrag wat in daardie skip gelaai of oor-gelaai is aan die hawebestuurder oorhandig.

(c) 'n Lys van passasiers wat aan wal gaan moet op aankoms van die skip, en 'n lys van passasiers wat aan boord gaan moet voor vertrek van die skip, verstrek word.

(2) Teenoor elke item wat op die manifes (in-komende of uitgaande) of op 'n verslag van inkomende skeepsvrag verskyn moet die eenheids-volume, of die massa, of die kapasiteit, of die getal eenhede ingevolge die vereistes van die hawetonskaal in die Offisiële Hawetariefboek aangetoon word. Die massa moet in alle gevalle aangetoon word bykomend tot die volume of kapasiteit of getal eenhede, soos bepaal in die voormelde hawetonskaal.

(3) In die geval van 'n skip met ISO-houers aan boord moet die eienaar of agent van die skip of 'n ander behoorlik gemagtigde verteenwoordiger minstens eenhonderd-en-twintig uur voor die aankoms van die skip in die hawe aan die hawebestuurder of 'n ander gemagtigde amptenaar in sy kantoor aparte houerlyste (in duplo) oorhandig vir -

(a) elke houereindpunt waarna houers geadresser is (insluitende lyste vir binnelandse eindpunte);

(b) elke houerdepot waarna die houers geadresser is;

(c) houers wat oorgeskep moet word by die hawe van ontskeping na kuswaartse bestemmings of na bestemmings in lande buite die Republiek van Suid-Afrika; en

(d) leë houers.

Op die houerlyste moet aangetoon word:

(i) die houers in alfanumerieke nommer-orde;

REGULATION 26

By the substitution for this regulation of the following:-

26(1)(a) The owner or agent of a ship shall, at least seventy-two hours (excluding Sundays and public holidays) before the ship's arrival in the harbour, deliver to the port manager or other authorised officer at his office, a true copy in duplicate of the manifest or report of cargo inwards. (For ships with ISO-containers on board see subregulation (3)).

(b) Within seventy-two hours (excluding Sundays and public holidays) of a ship's departure, the owner or agent shall deliver to the port manager a manifest of the cargo shipped or transhipped to such ship.

(c) A list of passengers for disembarkation must be furnished on arrival and a list of passengers for embarkation must be furnished before the departure of the ship.

(2) There shall be reflected next to every item appearing on the manifest (inwards or outwards), or report of cargo inwards, the unit of volume or mass or capacity or the number of units as required in terms of the scale of harbour tonnage set forth in the Official Harbour Tariff Book. The mass shall in all instances be reflected in addition to the volume or capacity or number of units as specified in the aforementioned scale of harbour tonnage.

(3) In respect of a ship with ISO-containers on board, the owner or agent of the ship or other duly authorised representative shall, at least one-hundred-and-twenty hours before the ship's arrival in the harbour, deliver to the port manager or other authorised officer at his office separate container lists in duplicate for -

(a) each container terminal to which the containers are consigned (including lists for inland terminals);

(b) each container depot to which the containers are consigned;

(c) containers to be transhipped at the port of discharge for coastwise destinations or to destinations in countries outside the Republic of South Africa; and

(d) empty containers

There shall be reflected on container lists:-

(i) the containers in alpha/numerical number order;

- | | |
|---|--|
